Februarie 2020

# Stellenberger

## Die radikale boodskap van God wat lig is

Deur: ds. Marius Breytenbach



**Na Kersfees breek 'n tyd van die kerkjaar aan wat ons Epifanie noem en wat "Gods-verskyning" beteken. In dié tyd verdiep en verwonder gelowiges regoor die wêreld hulle in en aan God se verskyning, of openbaring aan ons mensewêreld deur die geboorte van Jesus. Tradisioneel begin dit vroeg in Januarie met die verhaal waar die wyse manne deur 'n ster se lig na Betlehem begelei is, en Jesus Christus aan hulle verskyn het.**

Waarby bring God se lig aan die begin van 2020 ons uit? Waarop skyn die lig en wat laat dit ons sien?

Regdeur die Bybel het skrywers die beeld van lig gebruik om hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle midde te beskryf. Lig was nie net iets ver bo in die lug, of op die horison nie; dit het in en om hulle geskyn en hulle perspektief oor mense en gebeure beïnvloed. Dit is ook wat God se verskyning vandag steeds so ingrypend maak. Dit is volgens Psalm 139 iets wat enersyds te groot en hoog vir ons begrip en verstand is, maar dan tog tot diep in ons dring omdat dit volgens Johannes 1:14 vol genade en waarheid is.

Mag ons daarom, veral waar ons pad met ons medemens s'n kruis, God se verskyning op 'n diep en betekenisvolle wyse ervaar sodat dit 'n deernis en liefde vir ander in ons ontsluit. Mag dit ons inspireer tot insig en die vermoë om te midde van so baie gebeure in ons lewens, te onderskei tussen die belangrike en die onbelangrike en dat ons hoop vir die hede sal vind.



# Vasgevang tussen hoop en aanvaarding

Deur: Etienne van Wyk*

**’n Mens se lewe verander in ’n oogwenk. ’n Mens waardeer nie iets totdat jy dit nie meer het nie. Dit is die klein dingetjies in die lewe wat saak maak. Al dié bekende clichés het baie skielik nuwe betekenis in my lewe verwerf.**



Ek was nog altyd lief vir sport en het voortdurend na nuwe uitdagings gesoek. Aan die begin van 2017 besluit ek toe om aan driekampbyeenkomste te begin deelneem en kort daarna het die gogga om in Juniemaand aan die Ystermankompetisie 70.3 deel te neem, my gebyt. Ysterman 70.3 is’n halwe Ysterman wat 1.9 km se swem, 90 km se fietsry en 21.1 km hardloop behels.

Ek is maar kompeterend van geaardheid en dit was nie lank voor ek my oogmerk na die Ironman 70.3-wêreldkampioenskap verskuif het nie. In September 2017 het ek nog ’n 70.3-byeenkoms in Kroasië voltooi en in Januarie 2018 nog een in Oos-Londen – alles met die oog daarop om vir die wêreldkampioenskap later die jaar te kwalifiseer.

Intussen het daar ’n tweede doelwit bygekom en dit was om die volle Ystermanbyeenkoms aan te pak, wat dan 3.8 km se swem, 180 km se fietsry en 42.2 km se hardloop sou behels. Dié kompetisie voltooi ek toe in April 2018 binne 11 uur en 46 minute en kwalifiseer in dieselfde asem vir deelname aan die wêreldkampioenskap vir Ysterman 70.3 wat in September in 2018 in Port Elizabeth aangebied sou word.

Driekamp is ’n baie tydrowende sport. My dag het om 04:20 met ’n oefensessie voor werk begin en dan het ek saans rondom 19:00 weer ’n oefensessie ingepas. Dit het tot elf oefensessies per week gelei en ongeveer 16-18 ure in beslag geneem. Ek het gelukkig ’n wonderlike vrou wat, buiten dat sy my deurlopend ondersteun het, baie ure alleen tuis moes deurbring terwyl ek met oefensessies besig was.

In Julie 2018 het ek en my vrou vir ’n naweek in ons strandhuis in Franskraal gaan kuier. Ek was opgewonde om in ’n ander omgewing te oefen, maar die een nadeel was dat ek toe alleen sou moes fietsry. Ek het dit nie vooraf geweet nie, maar dit sou juis daardie naweek ’n kritieke impak op my lewe gehad het.

Ek is die Sondagoggend vroeg uit die huis met my vrou wat grappenderwys groet: “Kyk waar jy ry.” Dit was nie ’n lang oefesessie nie, net 60 km, maar die fokus was op spoedwerk waar ek gewissel het tussen hoë en lae spoedintervalle. Ek het wat genoem word ’n Time Trial (TT) fiets. Op dié fiets leun ’n mens met jou elmboë op die stuurstang met jou hande voor jou uit in ’n vooroor gebukkende posisie. Die posisie veroorsaak dat jou nek seer raak wanneer jy voor jou kyk, met die gevolg dat jy elke nou en dan afkyk om jou nek ’n ruskans te gee. Jy kyk uit die aard van die saak vorentoe voor jy jou kop laat sak en wanneer ons in ’n groep ry, waarsku ons mekaar indien daar iets in die pad is.

Lees meer . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 2

So ongeveer 5 km van die huis af het ek weer vinnig afgekyk en die volgende oomblik net 'n geweldige slag gevoel. Ek het my bewussyn verloor en op die grond geval. Toe ek my bewussyn herwin, was daar paramedici rondom my en 'n rukkie later het my vrou ook daar aangekom. Ek het op daardie stadium glad nie besef wat met my gebeur het nie.

Wat ons na die tyd uitgepluis het, was dat 'n bakkie wat onklaar geraak het, gedeeltelik op 'n blinde draai in die pad gestaan het. In die paar sekondes wat ek afgekyk het, het ek teen net minder as 40 km/h agterin die voertuig vasgery en met my kop en gesig die kap van die bakkie getref.

Ek is per ambulans na Hermanus Mediclinic geneem waar ek gestabiliseer is en die eerste skanderings geneem is. Daarna is ek na Cape Gate Mediclinic se intensiewesorgeenheid oorgeplaas, waar ek vir volgende tien dae versorg is. My nek het tussen die sesde en sewende nekwerwel gebreek en ek het veelvoudige gesigbeserings opgedoen.

Die nekbesering het tot gevolg gehad dat ek nou van die bokant van my borsbeen af verlam is en die fynmotoriesevaardighede van my hande, asook die gevoel in my onderarms verloor het. Ek word dus tegnies as 'n kwadrupleeg beskou.

Vanaf die Cape Gate Mediclinic is ek na die Vincent Pallotti Rehabilitasiesentrum oorgeplaas, waar ek die volgende meer as drie maande moes deurbring.

Dis seker nodeloos om te sê dat dit vir my 'n enorme aanpassing was om na die aktiewe lewe wat ek gelei het, skielik vasgevang te wees in 'n liggaam wat bykans nie kon beweeg nie. My wêreld het letterlik handomkeer verander. Die implikasies vir my familie was uiteraard net so uitdagend. Verder het ek boonop my eie besigheid waar ek die Vrydagmiddag gegroet het en toe nooit die Maandagoggend na toe teruggekeer het nie en ek sou ook nie vir die volgende vier maande weer my verpligtinge daar kon nakom nie.

'n Groot stryd is gestry en baie ure is omgehuil en gebid. Ek het op daardie stadium ongelukkig vir God as baie ver ervaar. Wat my wel oorweldig het, was die vlak van ondersteuning en belangstelling wat ek van mense ontvang het. Twee persone van wie ek graag melding sou wou maak, is ds. Callie Visagie wat my gereeld besoek het en ds. Hennie Fouché van die NG Kerk Hottentots-Holland in Somerset-Wes. Ds. Fouché het beide my ouers se begrafnisse behartig. Dit was die enigste ontmoeting wat ek tot nog toe met hom gehad het, maar ten spyte daarvan het hy my 'n aantal kere in die hospitaal besoek en behou hy steeds kontak met my.

Te midde van die worsteling wat ek rakende die groot verlies gevoer het, het daar geleidelik 'n geweldige sin van dankbaarheid, wat ek glo van God af gekom het, in my begin posvat. Ek het oneindig dankbaar geword vir die dinge wat ek behou het: dat ek bly lewe het, dat ek nie breinskade opgedoen het nie, dat ek die gebruik van my arms grootliks behou het, ens. Ek was en is steeds ontsettend dankbaar vir my vrou, wat my daagliks besoek en ongelooflik ondersteun het ten tyde van my hospitalisasie, terwyl sy self met haar daaglikse lewe moes voortgaan.

Die rehabilitasieproses was half teleurstellend. In 'n mens se eie gedagtes is jy hoopvol dat daar verbetering in jou toestand sal intree, terwyl die rehabilitasieproses eintlik grootliks daarop gerig is om jou, gegewe jou fisieke toestand, meer funksioneel te maak, maar ook dat jy jou veranderde omstandighede as 'n gegewe moet aanvaar. Te midde van alles is jy voortdurend in 'n geweldige emosionele stryd gewikkel om jou nuwe liggaamlike toestand en die realiteit van die situasie te aanvaar.
Die rehabilitasieproses het bestaan uit fisioterapie, wat gefokus het op die versterking van die spiere waarvan ek die gebruik behou het,

Vervolg op bladsy 4 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 3

arbeidsterapie wat funksionaliteit sou probeer verhoog en spraakterapie wat in my geval toegespits was op die rehabilitasie van my gesigspiere en die senuwees wat tydens die herstel van my kakebeen beskadig is.

Die rehabilitasieomgewing het twee uiteenlopende uitwerkings op 'n mens se gemoed. Aan die een kant is dit baie neerdrukkend om deurlopend in die teenwoordigheid van mense te wees wat een of ander vorm van trauma beleef het – van breinskade tot die verlies van ledemate. Aan die ander kant weer plaas dit jou eie situasie in 'n nuwe perspektief en maak dit jou dankbaar vir wat jy steeds het.

Die grootste aanpassing was met my ontslag uit die rehabilitasiesentrum en my terugkeer na die alledaagse lewe. Die onvermoë om te kan loop, beslaan net ongeveer 25% van die uitdagings wat ek daagliks moet hanteer. Die risiko van bedsere, verlies van beheer oor jou liggaamsfunksies, afhanklikheid van ander om basiese goed, soos aantrek, vir jou te doen, raak alles deel van die uitdagings wat jy daagliks die hoof moet bied. Urienweginfeksies is 'n groot risiko en ek is al twee keer weer daarvoor gehospitaliseer. Spastisiteit, wat een van die gevolge van my tipe beserings is, is ook 'n enorme en onophoudelike stryd.

Ek het tydens my verblyf in die rehabilitasiesentrum probeer om my vinger op die pols by my besigheid te hou. Ek kon nie wag om terug te keer werk toe nie. Ek het na ontslag weer deeltyds begin werk, maar mettertyd kon ek weer voldag werk.

My familie se ondersteuning was en is steeds fantasties. My dogter laai my soggens om 07:00 op vir werk en my seun kom haal my elke aand om 18:00. Baie groot aanpassings moes ook by die kantoor gemaak word sodat ek optimaal daar kan funksioneer. Ek skakel ook nou by Universiteit Kaapstad se sportinstituut in, waar ek met die hulp van 'n biokinetikus met rehabilitasie voortgaan.

In 'n situasie soos waarin ek my tans bevind, is die grootste stryd wat 'n mens stry dié tussen hoop en aanvaarding. 'n Mens wil altyd bly hoop en glo dat daar verbetering in jou toestand sal plaasvind, maar terselfdertyd kan jy nie aanbeweeg indien jy nie jou toestand aanvaar en daarin berus nie. Iewers tussen die twee pole moet 'n mens 'n balans probeer vind.

In 'n mate beleef 'n mens 'n rouproses waar jy afstand moet doen van jou "ou" lewe en dit bly 'n groot uitdaging. As deel van my poging om weer volu-it te lewe, het ek onlangs vir my 'n handfiets gekoop. Dit is vir my wonderlik om weer buite, op die pad en aktief, te wees.

*Etienne en sy vrou, Edna, is sedert 2007 lidmate van Stellenberg-gemeente. Hulle woon in Mosellestraat 7.

# Vrouebybelstudiegroep

Het jy 'n behoefte om saam met ander medegelowiges geestelik te groei? Sluit dan by die Bybelstudiegroep vir vroue op Maandagoggende om 10:00 in die kleinsaal aan. Rita Robertson en Mariette Hanekom lei die byeenkomste. Hulle gaan aanvanklik die boek Dancing with Camels, deur Mike Burnard, behandel. Rita sê hulle verwelkom enige nuwe lede en vrouens kan die byeenkomste bywoon soos dit hulle pas.

Kontak Rita by by rita@visualinternational.co.za/ 084 640 4183 met verdere navrae.

# Ontmoet vir Erhard Teubes

**Daar is nie minder nie as ses nuwe ouderlinge tot die kerkraad verkies. Ons is dankbaar dat lidmate bereidwillig is om by die gemeente se leierskap betrokke te raak en stel graag vir Erhard Teubes, verkies tot die strategiekommissie, aan lesers voor.**

Erhard vertel dat hy op 'n plaas naby Hopefield grootgeword het en in Hoërskool Hopefield skoolgegaan het. Deesdae hou hy die pot aan die kook deur sagteware te ontwikkel en in sy vrye tyd ontwikkel hy boonop hernubare energiestelsels. Erhard is ook lief daarvoor om staptogte in die natuur aan te pak en hy en sy gesin span graag in Plettenbergbaai uit. "Die natuurskoon daar is onverbeterlik en daar is genoeg vir almal in die gesin om te doen," sê Erhard.



*Op die foto is Erhard saam met Míscha (links) en Sophí (regs).*

Erhard, sy vrou, Jacqueline en hul twee dogters is sedert 2015 lidmate van Stellenberg. "Ons voel baie tuis in die gemeente," sê Erhard en dit is vir ons lekker dat daar soveel moontlikhede of geleenthede is waarby ons betrokke kan raak. Die feit dat die gemeente ook baie moeite doen om vir verskillende ouderdomsgroepe se behoeftes voorsiening te maak, is vir ons kosbaar."

"Ek voel baie bevoorreg om die Here ook in die nuwe rol waartoe ek verkies is te kan dien."

Erhard verduidelik dat hy sy rol by die strategiekommissie as 'n geleentheid sien om 'n ander tipe stelsel of sisteem – nie 'n energie- of sagtewarestelsel nie – aan die gang te kry. Hy sou graag wou toesien dat sisteme daargestel word sodat elke lidmaat betrokke kan raak by praktiese dienslewering in en deur die kerk en sodoende 'n verskil in die samelewing maak.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Dirk Heyneman – nog 'n nuutverkose ouderling

**Dirk Heyneman is onlangs as ouderling vir die strategiekommissie verkies. Hy vertel dat hy 'n Bolander in murg en been is. Hy het sy skoolloopbaan op Ashton begin en sy hoërskooljare is in Robertson geslyp.**

Dirk bedryf sy eie besigheid. Hy is 'n landskapsargitek en sy onderneming se naam is TreesOnline. Die Heynemans is baie lief vir fietsry en kampeer ook graag. Familietyd is vir hulle kosbaar en hulle hou jaarliks vakansie in Tergniet, net buite Hartenbos. Dirk sê hulle het 'n familiehuis in Tergniet en hy het al as voorskoolse seuntjie daar gaan kuier. Die Suid-Kaap se see en natuurskoon het 'n besondere plek in sy hart.

Dirk en sy gesin is sedert 2014 lidmate van Stellenberg-gemeente. Volgens Dirk is hulle as gesin dankbaar vir wonderlike vriendskappe wat hulle met ander lidmate gesmee het, asook die wyse waarop daar binne die gemeente vir elke lidmaat na gelang van sy/haar behoeftes ruimte geskep word. Die hoë gehalte van die preke en die feit dat die boodskappe relevant en in ooreenstemming met hulle gesin se eie geestelike waardes is, is van die redes hoekom die



*Saam met Dirk op die foto is: Hanneke, sy vrou, Dirkie, Lisa en Danika.*

Heynemans opgewonde is om lidmate van Stellenberg te wees.

Oor sy rol as oudeling sê Dirk dat hy graag wil help om die gemeente so te laat ontwikkel dat ons relevant binne die hedendaagse samelewing sal bly, sonder om ons geloof en Bybelse waardes te versaak.

In sy eie woorde: "Ek sien baie uit daarna om te help en te begin dien."

# *Date Night* – verhoudingskursus





Date night is 'n verhoudingskursus en begin op 20 Februarie om 18:30 by die saalkompleks. Die vier-weke-kursus word elke Donderdagaand aangebied. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinderoppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die kursus is R200 per paartjie. Bespreek plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

# Einde van die boekjaar – so lyk die geldsake

Deur: Danie Claasen*

**Einde Februarie is die afsluiting van die gemeente se boekjaar en ek deel graag 'n paar gedagtes rakende die huidige stand van die gemeente se finansies:**




- Die Tiendemaandinsameling wat loop tot einde Februarie, staan tans op R1 277 060, teenoor die begrote bedrag van R1 850 000; dus R572 940 onder die begroting.
- Ons is ongeveer R100 000 onder ons begroting ten opsigte van bankkollektes, maar die maandelikse dankoffers is min of meer in ooreenstemming met die begroting.
- Hierteenoor het die baie suksesvolle feesmark R425 000 bo die begroting presteer.

Alhoewel die netto-posisie aan die inkomstekant op hierdie stadium ongeveer R300 000 onder die begroting is, is ons baie dankbaar vir elke lidmaat se bydrae gedurende die jaar, desondanks uitdagende ekonomiese en dalk ook persoonlike omstandighede.

Om te voorkom dat die gemeente met 'n tekort afsluit, het die kerkraad gedurende die loop van die boekjaar sekere stappe rakende uitgawes geneem:

- Twee poste wat vakant geraak het, naamlik die Bestuurder Administrasie en die Veldwerker vir uitreikprojekte, is nie gevul nie, maar alternatiewe reëlings is hieromtrent getref.
- Kommissies is aangemoedig om krities na begrote uitgawes te kyk alvorens geld spandeer word.

Deur bogenoemde aksies is besparings bewerkstellig en behoort dit ons te help om, sonder dat die werk van enige kommissie ernstig benadeel is, die boekjaar nie té ver van gelykbreek af te sluit nie. Daarvoor is ons die personeelkorps baie dankbaar.

Wat die nuwe boekjaar betref, is eerstens besluit om die gemeente-inkomste meer konserwatief te benader en aan te wend. Voorts moet alle kommissiebegrotings weer krities bekyk word ten einde te verseker dat die klem op die aanwending van fondse op geïdentifiseerde voorkeurprojekte sal val. Dan moet ons ook deurlopend sensitief wees vir die groei in ons personeelrekening en sal wanneer poste vakant raak met aftredes en bedankings, oor moontlike besnoeiing besin.

Ons benader alle besluite en aksies in absolute afhanklikheid van die Here en besef maar alte goed die waardheid van Spreuke 16:9: " 'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop."

Baie dankie dat jy ook saam met ons op Stellenberg-gemeente se pad loop.

*Danie Claassen is die voorsitter van die gemeente se finansiële kommissie. Hy het jarelange ervaring in die amp en is voltyds in diens van Sanlam.

# Dienende hande in die Kannaland

Deur: ds. Why Duvenhage

Ons het die afgelope tyd gereeld tydens eredienste, of in gemeentekorrespondensie, na die Kannalanddistrik verwys. Kannaland sluit dorpe soos Ladismith, Zoar en Calitzdorp in. Die gemeente reik al meer as 14 jaar na Calitzdorp uit en baie van ons jong, asook ouer lidmate, het al wonderlike werk in dié Karoodorp gedoen.




Tydens een van die Calitzdorp-uitreike het ek besluit om Zoar, die ou sendingdorp, te gaan besoek en die nood in dié gemeenskap het my diep geraak. Ons het ingespring en met die gemeenskapsleiers begin kontak maak en gou-gou het ons 'n uitreik na Zoar georganiseer. Ons uitreikspanne het die kinders van die gemeenskap met die evangelie en sop bedien en ook van ons breigroep se lekker warm musse en serpe voorsien.

Tydens die uitreik het mense in die dorp my van twee bejaardes wat weekliks sop vir die gemeenskap se kinders maak, vertel. Ek het Henk en Miena Barry se adres in die hande gekry en een oggend die besonderse twee mense persoonlik gaan ontmoet.

Henk en Miena, beide pensioenarisse, woon in Proteapark. Dié gebied in Zoar word deur besondere armoede en maatskaplike probleme gekenmerk. Oom Henk en tannie Miena woon in 'n klein huisie, maar tannie Miena vertel dat toe 'n kind een laataand aan haar deur klop en vir kos vra omdat sy honger was, het sy en oom Henk besluit om die probleem van honger kinders in die buurt aan te vat. Hulle twee het begin om uit hulle eie sak een keer per week vir kinders in Proteapark sop te kook. Dit was nie lank nie, toe het hulle twee keer per week sop gekook en uitgedeel.

Stellenberg-gemeente het met die hulp van die Omgeetrust by die projek betrokke geraak. Ons het vir oom Henk en tannie Miena se sopkombuis ekstra gasbottels, stofies en soppotte gekoop en ondersteun hulle ook met die aankoop van sopbestanddele. Hulle voorsien nou twee keer per week sop aan 300 kinders. Oom Henk en tannie Miena was ook van die verspreiders van die kos wat ons gedurende Kerstyd vir die distrik ingesamel het.

Die storie het my opnuut laat besef dat die Here ons na plekke neem waar daar regtig nood is en ons met mense wat Hy gebruik, verbind, sodat ons mekaar kan ondersteun en versterk. Oom Henk en tannie Miena is vir my 'n voorbeeld van opregte nederigheid, gehoorsaamheid en diensbaarheid – alles wat Jesus se lewe op aarde vir ons van diens geleer het.

# Die waarde van huisgeloof

Deur: ds. René Pretorius

**Inleidend**




Ons lewens is gejaag en ons het al minder tyd vir mekaar. Dit is amper asof besigwees 'n status-aspek geword het. Elke dag is daar druk om meer te doen, meer te wees en vinniger te lewe en kort voor lank besef ons dat ons as gesin nie meer genoeg tyd saam deurbring nie.

Moderne families bring al minder gehaltetyd saam deur, terwyl om dinge as gesin saam te doen juis vandag belangriker as ooit tevore is. Met al die uitdagings waarmee kinders deesdae te kampe kry, is dit noodsaaklik dat gesinslede tyd vir bymekaarkom inruim. "Liefdevolle verhoudings is 'n gesin se beste beskerming teen die uitdagings van die lewe." (Bernie Wiebe) Kinders moet ook weet dat hulle "behoort" en een van die beste maniere om dit te bereik, is deur gereeld as gesin saam aan alledaagse dinge en aktiwiteite mee te doen. Deur almal saam te eet, bordspeletjies te speel, buite te speel, 'n fliek te kyk, of deur die tradisie van huisgeloof, skep en bou gesinne wonderlike herinneringe.

**Die huis as plek van geloofsvorming**

Die ouerhuis is die primêre plek waar geloofsvorming moet plaasvind. Ouers wil graag hulle kinders leer van God se liefde, asook die waarde van Bybellees en bid, maar is soms onseker oor hoe om huisgodsdiens interessant en toepaslik vir vandag se lewe met hulle kinders aan te pak. Daarom het ons besluit om as uitvloeisel van die gesinsdiens, aan ouers ondersteuning te bied deur middel van ons eie huisgeloof-hulpmiddel.

**Huisgeloof**

Huisgeloof is nie net nóg 'n kerkprogram nie. Beskou dit eerder as 'n nuttige hulpmiddel vir gemeenteouers. Geloofsvorming by kinders is 'n deurlopende proses wat daagliks plaasvind en ongelukkig nie net tot 'n paar ure op 'n Sondag by die kerk beperk kan word nie. Om die evangelie regtig in kinders se harte te laat posvat, moet ouers met hulle kinders gesels oor hul eie belewenis van God, asook hoe en waar hulle God in hul eie alledaagse lewe ervaar.

**Hoe kan jy die huisgeloof-hulpmiddel gebruik?**

Die teks en tema wat op 'n bepaalde Sondag by die gesinsdiens gebruik is, word meer omvattend en met besprekingsvrae in HUISGELOOF uiteengesit. Die dagstukkies is lekker kort en julle kan dit weekliks van Stellenberg se webwerf aflaai.

Gebruik die huisgeloof-hulpmiddel om kosbare gesinstyd te vestig. Dit moenie soos 'n straf vir die gesin voel nie. Kinders moet dit geniet en ouers moet ook vreugde daaruit put om so saam met hulle kinders die Bybel beter te verstaan. Die huisgeloof-hulpmiddel skep ook 'n geleentheid waarbinne kinders kan leer om voorbidding vir mekaar, maats of uitgebreide familie te doen en om ook dit wat op hulle harte druk, met die res van die gesin te deel.

# Barrydale se nuutste vonds

Deur: Reinhold Swart

**Elke jaar neem ek Fransonette, my bruid van die afgelope 36 jaar, op 'n huweliks-herdenkingsuitstappie. In die grootste geheimhouding beplan ek die tog, besluit selfs op 'n tema en vroulief moet 'n nuwe "going away" vir die geleentheid aanskaf. Ek het my granaatpitjie al weggevoer na dorpe soos Redelinghuys, Malgas, Baardskeerdersbos, Kommetjie, Paternoster en Pniel, waar ons by kerslig oor vonkelwyn sit en koer het. Selfs 'n tentekamp in die Witzenberg, 'n Duitse kasteel in Houtbaai en 'n Airstream-woonwa in Elgin het al verblyf gebied.**



Een van ons sielkunde-vriendinne hou hierdie model tydens haar huweliksberadingsessies voor. Blykbaar met goeie resultate. So, ou swaer, indien jy van hierdie wenke gebruik maak, en jy pluk die sappige vrugte van jou moedige poging, kom gee maar 'n bottel bekroonde Bolandse wyn by ons huis af.

Verlede Desember het ek op Barrydale, daar waar die Overberg en die Klein-Karoo hande vat, besluit, aangesien ek ons eertydse gemeentevriende, Bremer en Erna Gericke, beloof het ek sal hul opsoek en Kaapse soetigheid saambring. Van laasgenoemde het ek ongelukkig heeltemal vergeet.

Die oggend tydens ons besoek het Bremer, terwyl ons aan roosterbrood en Erna (steeds 'n vrou van vele deugde) se tuisgemaakte konfyt gesmul het, vir ons vertel van die groot werk om hul eie "bouval" leefbaar te maak. Dit het egter meer na rehabilitasie as restourasie geklink! En uit die "puin" het 'n Kaaps-Hollandse-Herlewingspronkstuk verrys. Ek het in die literatuur gesien daar word ook verwys na die Ou Koloniale Herlewingstyl. Bremer het so tong-in-die-kies gesê ons mag daarna as Die Opstal verwys. Met reg ook!

Van die werk op die terrein het Bremer self gedoen. In die lig daarvan dat dit 'n oudpredikant se skepping is, is dit nie sleg gedoen nie.

Op die Gerickes se werf is die opvoedingstake en pastorale werk egter nog nie afgehandel nie. Die groot haan wat doer tussen die vele vrugtebome skrop, is 'n swak karakter. Hy het geen respek vir die henne nie, en hy is afknouerig. Bremer moes hom al vele kere betig en onder hande neem, maar darem sonder om onsag te raak. Ons oudleraar het mos 'n groot afkeer van die hardhandige optrede teenoor vroue en hoenders.

Die nuwe werklikheid wat hier deur Bremer ontdek is, is dat niks op Barrydale haastig gebeur nie. 'n Stukkie kliptuinmuurtjie wat eintlik net 'n dag se werk is, het drie dae geduur, die afdakkie oor die stoep van 'n week, het drie weke geneem. Is iets daarmee verkeerd? Nooit gesien nie – waarom sal jy iets vandag uitstel as jy dit môre kan uitstel !

Vervolg op bladsy 10 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 9

Nadat ons diep gedelf het in die skatkis van mooi herinneringe, is ons toe van die oud-Stellenbergers weg om die dorpie verder te verken.

Die aand gaan kyk ons na die NET VIR PRET-organisasie se grootformaat poppekasoptog in die buurt daar oorkant teen die bult, daar waar uit respek nog dominee gesê word. Ek hou van 'n afstand dop hoe Bremer tussen die dorpenaars beweeg, met daai skalkse glimlag op sy gesig en hoe hy so heuphoogte vir bekendes wuif. Nooit oordadig nie.

Ja-nee, niks het verander nie.

Ek was altyd van mening dat Barrydale net DIESEL EN CREAM is. Toe nie. Deesdae bied die dorp veel meer. Die Gerickes is mos ook nou daar.

Gaan kuier gerus.



*Reinhold en sy vrou, Fransonette, is jarelange lidmate van die gemeente. Hulle woon in Mosellestraat 4.

# Graad 9-kamp hoogtepunte





Die graad 8-kamp is vanjaar 180 nuwe graad 8's van Stellenberg Hoërskool aangebied. Ds. Hanno Ackerman, jeugleraar, is deur 89 leiers van die jeugbediening en die skool bygestaan om die nuwelinge te laat tuis voel en voor te berei op die hoërskoollewe. Die kamp se tema *Stronger Together* het die klem op spanwerk geplaas, maar die waardes en normes van die Hoërskool Stellenberg was die ruggraat van die besprekingsmateriaal. Nuwe graad 8's is begelei om te beplan hoe hulle by die hoërskool gaan inskakel en waarby hulle betrokke kan raak sodat hulle elkeen as nuwe Stellies optimaal kan ontwikkel en groei .